# HOËRSKOOL MONTAGU NUUSBRIEF 1 VAN 2023

## Uit die kantoor

Dit is vir my aangenaam om u terug te verwelkom na die skoolvakansie. Ek glo dit was 'n tyd waarin ouer / voog en kind na die besige 2022 mekaar weer in die oë kon kyk en familiebande kon verstewig.

'n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe ouers, onderwysers en leerders in Montieland. Ons vertrou dat u verbintenis met ons skool aangenaam sal wees vir u as ouer / voog, onderwyser en vir ons leerders 'n plek van ongelooflike groei en ontwikkeling. Raak asb. betrokke en onthou: 'n betrokke Montie, is 'n gelukkige Montie. Baie hartlik welkom!



## Leerdergetalle

Ons leerdertal vir 2023 is konstant.

Die getalle in die onderskeie grade is as volg:

Graad 12 - 88
Graad 11 – 128
Graad 10 - 114
Graad 09 - 99
Graad 08 - 114

Totaal: 543

H/S MONTAGU POSBUS 85 MONTAGU 6720
TEL: 023-6141390 FAKS: *086 5447251*
EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za
WEB: www.hsmontagu.co.za

# ALGEMEEN

## Toelating: Leerders 2024

Toelating van nuwe leerders vir 2024 open op 13 Maart 2023 en sluit op 14 April 2023. Dit is belangrik om daarop te let dat daar slegs 'n beperkte aantal plekke beskikbaar is in elke graad.
Volledige aanlynaansoeke wat tydens die eerste rondte ontvang word en waarvan die vorderingsverslag aandui dat die aansoeker oor die potensiaal beskik om te vorder én die ouderdom binne die grense vir die betrokke graad is, geniet voorkeur.
Indien u bewus is van graad 7 leerders wat vir 2024 in graad 8 wil aansoek doen by hierdié skool, moet u hulle asseblief aanmoedig om dit betyds te doen. Plekke is beperk! Doen asb. betyds aanlynaansoek.
.

## Gedragskode (Skoolreëls) vir Leerders

Die gedragskode vir 2023 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.

Ongelukkig is daar altyd leerders wat sukkel om binne 'n stelsel te werk om instruksies of voorskrifte na te kom. Ek wil 'n beroep op ouers doen om toe te sien dat hulle kinders se skool- en sportdrag te alle tye korrek is en dat dit duidelik gemerk is. Kledingstukke wat verlê word se eienaars kan meestal nie opgespoor word nie en gaar dan by die sekretaresse op. Ons verwag dat ons leerders daagliks reg geklee en gehoorsaam is aan die riglyne, soos vervat in die gedragskode van die skool.

## Skoolbywoning:

Die skoolbywoning van ons leerders is baie goed. Baie dankie vir u samewerking in dié verband. Ons vra dat u asseblief sal skakel, indien u kind nie die betrokke dag skool kan bywoon nie. Op die dag wat u kind terugkeer skool toe, moet hy/sy `n briefie van u of van die dokter inhandig. Tydens eksamens sal slegs doktersbriewe aanvaar word.

# SKOOLGELDE

Die skool is 'n Kwintiel 4, artikel 21, skoolgeld betalende skool, daarom is die betaling van skoolgelde noodsaaklik en volgens wetgewing verpligtend. Die skool se finansies word bestuur volgens 'n goedgekeurde begroting en die finansiële posisie van die skool is gesond, daarom kan die skool 'n volledige opvoedkundige program aan die leerders bied. Namens die Beheerliggaam wil ek die volgende reëlings aan u deurgee:
Daar bestaan geen departementele subsidies vir skoolgelde nie. Ouerhuise kon op die toepaslike aansoekvorm aansoek doen om gedeeltelike vrystelling van skoolgelde. Ouers bly verantwoordelik vir die volle skoolgelde, totdat 'n volledig voltooide aansoekvorm by die skool ingehandig is.
Maandelikse paaiemente is betaalbaar vanaf Januarie tot November 2023. Vanaf die einde van Februarie word daar maandeliks 'n skoolfondsrekening uitgestuur. Die bedrag verskuldig vir die volle jaar sal op die rekening verskyn, asook die uitstaande bedrag wat onmiddellik betaalbaar is.
Alle skoolgelde word by die sekretaresse inbetaal.

Alle navrae in verband met skoolgeldrekeninge word deur mev. Liezl Lewis hanteer (Maandae tot Vrydae 07:30-14:00).

<u>BAIE BELANGRIK</u>:
Aandag ouers/voogde: vir internet- of direkte bank inbetalings moet u asseblief seker maak dat die regte verwysing gebruik word sodat ons die gelde korrek kan allokeer.

Gebruik asseblief die <u>leerder se naam en van</u> of die rekeningnommer wat regs bo op die staat verskyn (bv: 22016)



# SPORT

## Tennis

Saterdag, 21 Januarie, het die 1ste tennisspan vroeg vertrek om aan die Arende Afslaan toernooi deel te neem in die Strand. Ons speel bitter goeie tennis en eindig 2de in ons afdeling.





## Golf

Die 1ste span wen Interskole met 61-32 en die 2de span wen 41-22. Die eerste golf span eindig 4de in die liga.

## Atletiek

Die jaarlikse kleure atletiek was 'n sukses. Die rooispan wen die geesbeker met net 2 punte, terwyl die groenspan die punte beker oortuigend wen. Trofee wenners: Duwaine Eyberg (Junior Victor Lodorum), Corli Gous (Junior Victrix Lodorum en Veelsydigste dogter), Ronaldo Koker (Senior Victor Lodorum en Veelsydigste Seun), Stefanie Burger (Senior Victrix Lodorum) en Marcellus Koema (Beste Ingesteldheid).



# SPORT

**Bergfiets**
Die bergfiets ry was besig hierdie kwartaal, hulle het onderandere deelgeneem aan die Banhoek King Price Trailseeker, Gryphon 99er en Cape Argus. Petri Fourie behaal 'n 8ste plek in die O/19 kategorie tydens die Gryphon 99er.






**Skaak:**
Ses leerders het deel geneem aan die Cape Winelands Prestige finaal, al ses spelers eindig onder die top 20 in hul ouderdom groep.. Geriant Segelaar 1st (O/19 seuns), Revean Segelaar 2de (O/13 dogters), Siyambonga Lirafu 6de (O/17 seuns) en Stephanie Scheepers 14/de (O/17 dogters) vaar bitter goed.

**Krieket**
Ons krieket wen al drie hul interskole wedstryde. Shinique Verhoog doen besonders goed, sy kry 84 lopies en neem 5 paaltjies. Die eerste seuns eindig die 2022/2023 seisoen onoorwonne.





# KULTUUR



Senior Valentynsdans
`n Aand vol pret vir ons seniors. Die tema van die aand: "Picnic under the stars."



Valentynspiekniek
Die junior Monties het 'n valentynspiekniek en waterkaskenades gehou. Hulle het heerlik piekniek gehou op die gras en mekaar se geselskap geniet waarna hul die prettige dag afgesluit het met 'n Makarina dansie.

## Matriekafskeiduitnodigings

Monties matrieks ontvang pos! Drie posmanne het op 7 Maart, opgewonde met possakke en koerante luidkeels aangekondig dat die tyd vir matriekafskeid aangebreek het.



Beste Matrikulant van 2023
Die tyd het aangebreek om jou mooiste klere aan te trek, jou beste glimlag op te sit en jou Montie-wees te vier. Ons nooi jou hartlik uit na 'n stylvolle, prettige aand vol verrassings! 'n Aand vol lekker eet, kuier en lekker dans. So stof jou beste danspassies af en wees deel van 'n onvergeetlike aand.

Wanneer: Woensdag, 29 Maart
Aankoms: 17:00 - 19:00 by Hoërskool Montagu in Kohlerstraat.

Mag dit vir elkeen 'n aand wees om te onthou!

Sien jou daar!



## CSV opleiding

Daar het 62 leerders deelgeneem aan ons kringleieropleiding, aangebied deur Ds. Rupert en Ds. Suzette. Die kringleiers het baie vaardighede aangeleer.

# ANDER

## Mekka aand

Op 23 Maart het Monties weer gewys waarvan hulle gemaak is. Die Mekka-aand was weereens `n spoggerige geleentheid waar die leerders hulle talente ten toon kon stel.






## Opedag:

Op 7 Februarie het ons al die toekomstige Monties ontmoet.

## Gholfdag:

Die Ondersteunersklub het op 11 Februarie weer hulle jaarlikse gholfdag gehou om fondse in te samel vir die snoepieprojek by die sportgronde.











# KWARTAAL 2

NEEM ASSEBLIEF KENNIS:

Skool begin Woensdag, 12 April om 08:00 tot 14:30 (aktiwiteitsperiode 13:10 tot 14:30) en leerders dra nog somersdrag tot einde April. Vanaf Donderdag, 13 April volg ons dan gewone winter skooltye en vanaf Dinsdag 2 Mei skakel ons oor na wintersdrag.

**APRIL** 12 - SKOLE HEROPEN (8:00)
14 - TOELATINGS SLUIT
15 - ROBERTSON SPORTDAG (TUIS)
17 - TOP 20 AAND
18 - GRAAD 8-12 OUERGESPREKKE (16:30-18-30)
19 - NETBAL LANGEBERG PROEWE
20 - JUNIOR EN SENIOR REDENAARS
21 - INDABA SIVVIEDAG
22 - SWELLENDAM SPORTDAG (TUIS)
24 - SBL VERGADERING (17:30)
25 - BONNIEVALE SPORTDAG (TUIS)
27 - VRYHEIDSDAG
28 - SKOOL VAKANSIEDAG

**MEI** 1 - WERKERSDAG
2 - WINTERDRAG
4 - LANDSDIENS SIVVIEDAG
6 - MONTANA SPORTDAG (WEG)
10 - MNR & MEJ HSM
13 - PUNT SPORTDAG (WEG)
15 - FOTODAG
18 - HEMELVAART
20 - LABORI SPORTDAG (WEG)
24 - EKSAMEN BEGIN (7:35 - 13:15)

**JUNIE** 5 - SBL VERGADERING
8 - INTERSKOLE VERGADERING
14 - EKSAMEN EINDIG
15 - LANGENHOVEN RIVERSDAL SPORTDAG (TUIS)
16 - JEUGDAG
21 - SENIOR WINTERBAL
22 - JUNIOR WINTERBAL
23 - SKOOL SLUIT